ng kerk weltevreden
lewe vir die stad
Jaargang 23, Nr 1 Aug 2022

# WELTEWOORD

Gemeenteblad van NG Weltevreden

## Sit dit in die Moses-mandjie

Ds. Hettie Wessels

Vind jy ooit dat jy jou oë so styf toedruk dat jy wonder of jy die "guts" sal hê om hulle weer oop te maak? Of dat jy jou hande so styf toeklem dat jou naels inkepings op jou handpalms laat? Dat jy die hele tyd wens dinge was anders?

Wanneer die lewe moeilik is, moet ons weet wat om volgende te doen.

***1 Petrus 5:7 Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.***

Die lewe is ingewikkeld, onvoorspelbaar en met tye eerlikwaar baie seer!

Ons moet 'n plan hê sodat ons sal weet wat ons eerste gaan doen wanneer die lewe moeilik raak. Wanneer die pyn voel asof dit ons heel gaan verslind, is dit noodsaaklik om te weet wat om te doen sodat ons enduit sal kan volhard. Sal ons onsself aan die stewels optrek en aan die beweeg raak, ons na vriende wend, wyse raad soek of die kombers oor ons koppe trek?

Die beste tyd om te leer wat om te doen, is nie wanneer jy jouself op 'n moeilike plek bevind nie. Dit is beter om in 'n rustige tyd 'n strategie uit te werk vir wanneer dit ingewikkeld raak en die seer jou tref – om jou plan van aksie gereed te hê.

Wanneer ons veg tot by die punt van nie-meer-kan-nie, is dit tyd vir selfondersoek en moet ons vra:

- Hou ek krampagtig vas aan beheer?
- In wie se krag tree ek op?
- Laat ek toe dat God GOD is?
- Het ek my krisis in die Moses-mandjie gesit?

**Die Moses-mandjie**

Onthou jy wat 'n dapper mamma baie jare gelede gedoen het? Moses se ma, Jochebed, het hom versigtig in 'n mandjie geplaas en haar dogter, Miriam, laat kyk hoe hy met die Nylrivier afdryf in die hoop op 'n beter lewe. Kan jy jou voorstel hoe dit voel om die ondenkbare te doen? Wat het Jochebed gedink?

Sy het hom vrygelaat. Sy het God God laat wees en Hom vertrou. Dit het geweldige moed, krag en wysheid geverg om haar kosbare baba vry te laat.

***Eksodus 2:3 Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.***

Die beste ding om te doen as die lewe ingewikkeld, onvoorspelbaar en seer raak...

**Sit dit in die Moses-mandjie**

Ons moet alles vir GOD gee; ons is nie in beheer nie. Ons raak so maklik verteer deur die soeke na wat die beste is, dat ons vergeet om te doen wat die beste is. Plaas jou bekommernisse (persoonlike probleme, omstandighede, wat dit ook al is) in die Moses-mandjie en laat dit oor aan God. Kyk hoe dit in die rivier afgaan. Glo dat God in beheer is.

Wanneer jy jou vertroue in God plaas, sal jy 'n vrede vind wat jy self nie eers gaan verstaan nie.

***Filippense 4:7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.***

Wanneer ons God vertrou, kan onverwagse geleenthede oor ons pad kom. Onthou: Moses se ma het nie net sy lewe gered nie, maar kon hom ook as baba versorg en hom van God leer.
As jy soos ek is... ek is geneig om iets in die Moses-mandjie te sit en dit net so vinnig terug te ruk. Moenie bekommerd wees as jy hierdie aksie oor en oor herhaal nie; dit is ook goed.

As ons na ons omstandighede kyk, lyk dit dalk onmoontlik, maar by God kan die ondenkbare gebeur. Sy krag en liefde kan baie meer doen as wat ons ooit op ons eie kan bereik.
Dus: wanneer die lewe moeilik is, doen die beste ding en gee dit vir GOD.

***Wat moet jy nóú in die Moses-mandjie plaas?***

TANYA KRAUSE

*Tanya Krause het sedert 2014 as Bemarkingskonsultant vir die gemeente gewerk. Sy het in die Vaaldriehoek grootgeword en het nadat sy BCom Kommunikasie aan die destydse RAU voltooi het, twee jaar lank in Engeland gewerk. Tanya was een van twee kinders en was op haar gelukkigste wanneer sy tyd saam met haar familie in Bloubergstrand kon spandeer. Sy was in haar vrye tyd ook kreatief en het haar eie skoenreeks ontwerp en bemark. Haar wens was dat NG Weltevreden 'n plek sou wees waarheen mense kon gaan wanneer hulle voel dat niemand anders omgee nie. Dit moes 'n veilige hawe wees waar mense in alle fases van hul lewens kon groei. Tanya is op 21 Mei 2022 oorlede na 'n moedige stryd teen kanker.*

## Huldeblyk aan Tanya

Ds. Hettie Wessels

**Tanya Krause**. Ek kan 'n boek vol skryf en aan die ander kant het ek nie genoeg woorde nie. Haar grootste wens in die laaste maande was dat haar lewe 'n getuienis sou wees van hoe goed en groot God is. Haar fokus was om God te verheerlik deur haar verhaal; haar baklei teen kanker. Die wonderwerk van genesing was haar nie beskore nie, maar haar absolute oorgawe en geloof bly steeds 'n aansporing en versterking vir ons almal.

Tanya was 'n mense-mens maar was ook gefokus op detail. Sy het die lewe mooi gemaak. Iets was óf reg óf verkeerd; half-half het nooit gedeug nie. Sy het haar nie deur klein dingetjies laat onderkry nie en geen moeite was ooit te veel nie. As sy kon sou sy vir jou die maan gaan haal, as sy gedink het die saak het meriete.

Elke kort-kort vertel iemand hoe Tanya hulle lewe aangeraak het – hoe haar handsakprojek gegroei het, hoe haar omgee se sirkel al hoe groter en wyer kring. Haar wens van 'n lewe van getuienis, 'n legacy van God se genade duik telkens op.

Tanya het geleef vir ander, vir haar familie, haar vriende en hulle wat nie 'n stem het nie. Haar geliefde Dillan en Olivia was altyd op die voorgrond; niemand kon vir 'n beter tannie vra nie. Haar ouers, broer en skoonsus het altyd iewers in die gesels 'n draai gemaak.

Sy was altyd oor ander bekommerd; altyd besig om te beplan aan 'n projek vir minder-bevoorregtes. Of dit nou 'n handsakprojek, Uitkoms-tehuis of Mandeladag was, haar hart het altyd plek gehad vir nog 'n mens.

Ai Tan, jou plek is baie baie leeg. Ons mis jou lag en jou mooi-maak, jou menswees, jou opdaag, jou dankbaarheid, jou wysheid ver bo jou jare, die ekstra myle wat jy gestap het, jou veggees, geloof en liefde. Jou spore is onuitwisbaar. Jou storie is vir altyd.



Hierdie uitgawe van die Weltewoord word aan Tanya Krause opgedra. Sy was die afgelope agt jaar die hart van bemarking in NG Weltevreden, 'n taak wat sy met groot entoesiasme, kreatiwiteit en toewyding uitgevoer het.

# NUUS VAN DIE KERKRAAD

## Wim Pienaar
## Kerkraadsvoorsitter

As kerkraad is ons dankbaar dat die bietjie meer as twee jaar onder die pandemie en -regulasies tot ŉ einde gekom het en dat ons hopelik nou sal kan voortgaan met ŉ "nuwe normaal" in die gemeentelewe. Ons betuig ons meegevoel met elke lidmaat wat op een of ander manier geraak is in die tydperk wat verby is. Ons bid dat die Here elkeen sal dra en lei om elke dag te kan voortgaan.

Ons betuig ook ons dank aan elke lidmaat en werker wat deur die hele tyd getrou bly help het op al die terreine en aktiwiteite waarmee die gemeente steeds besig was. In besonder wil ons die leraars van die gemeente bedank dat hulle in die onbekende, leiding geneem het en die werksaamhede van die gemeente relevant gehou het en selfs uitgebrei het deur bv. die elektroniese raakpunte wat baie vinnig op die been gebring is.

Ons is ook dankbaar teenoor die gemeente vir u volgehoue finansiële ondersteuning sodat ons steeds ons visie van *Lewe vir die stad* kan uitleef. Ons nooi elke lidmaat uit om in te skakel by die beplande aktiwiteite in die toekoms. Weet dat u welkom is om betrokke te raak en skakel net soos en waarmee u wil.

Ons het ŉ paar uitdagings gehad wat die ou pastorie van Ds Kobus betref, veral met asbes wat teenwoordig is in die huis. Ons het nou ŉ verslag van ŉ spesialis ontvang wat ons in staat stel om die pad vorentoe te beplan en tot uitvoer te bring. Opknappingswerk aan die pastorie behoort teen die einde van Julie ŉ aanvang te neem en binne die volgende drie maande afgehandel te wees.

Ons sien saam met u uit na ŉ nuwe normale gang en om die gemeentelewe weer tot voordeel van almal en tot eer van die Lewende God uit te bou.

Redaksie van hierdie uitgawe van die Weltewoord is behartig deur:
Saret Britz
Gerrie J Jacobs
Maretha Gous

Het jy al iets aangepak en halfpad daardeur begin twyfel: "Hierdie is net té groot vir my. Ek het hieroor gebid en in my hart gevoel dit is waarheen ek gelei word, maar nou twyfel ek skielik." Die 'geraas' van ander asook struikelblokke laat jou wonder of dit wat op jou hart gelê is, nie dalk malligheid is en jy moontlik die leiding van die Heilige Gees verkeerd verstaan het nie.

As gemeente pak ons projekte aan en beplan ons elke jaar vooruit. Daar word noukeurig begroot vir sekere dinge, maar op die ou end bepaal nie een van ons hoe vol die kerk Sondag sal wees, hoeveel dankoffers ingesamel sal word en hoe suksesvol die basaar of die gemeente se uitreik sal wees nie. God sorg self vir Sy kerk, soos vir elkeen van ons.

Ons word gekondisioneer om klein te dink; om altyd die risiko te beperk. Soms beperk ons onbewustelik ook ons ervaring van God se grootheid. Gelukkig is God se grootheid nie van ons afhanklik nie. Dit was ook die probleem toe daar 5 000 mense opdaag om na Jesus se preek by die berg te kom luister. Die dissipels wonder hoe hulle almal gaan kos gee, maar Jesus neem vyf broodjies en twee vissies en voorsien in oormaat. Daar is 12 mandjies kos opgetel nadat almal genoeg geëet het (Johannes 6:1-14).

# IN DANKBAARHEID BEGROOT ONS GROOT

Jan Paxton
Voorsitter, FINKOM

Jaar na jaar word daar voorsien vir ons as gemeente – vir finansies, vir bekwame en gestuurde leraars en amptenare wat met entoesiasme hul bydraes lewer. Ook vir gemeentelede wat hul harte en beursies oopmaak en tyd wy aan die werk van die kerk – dinge wat ons soms bewustelik moet raaksien sodat ons in dankbaarheid nuwe krag uit dié grootheid kan put.

Die fokus in ons gemeentebegroting die afgelope twee jaar was besparing. Natuurlik is besparing nodig en belangrik om die las van offergawes op die gemeente so lig moontlik te maak, maar besparing kan nie die hoofoogmerk van 'n begroting wees nie. Enige begroting moet daarop gerig wees om die strategiese oogmerke van die betrokke organisasie te bereik.

In die 2021/2022-boekjaar het ons inkomste met 4.6% gegroei vergeleke met die vorige jaar, terwyl ons uitgawes met slegs 1.8% gestyg het. Ons inkomste van R9,1 miljoen is 90% van ons begrote inkomste, en 83% van die begrote uitgawes is spandeer. Ons het die jaar dus met 'n surplus afgesluit.

Bydraes in die vorm van dankoffers en offergawes bly ons grootste bron van inkomste. Dit maak 86% van ons inkomste uit en word aangevul deur dankfeesbydraes, skenkings en fondsinsamelings. Met die Dankfees is R480 000 ingesamel, en daar is besluit om dié bedrag aan die opknapping van Pastorie 1 te allokeer.

Met kerkdienste en verwante aktiwiteite wat na normaal terugkeer sal ons uitgawes weer toeneem en ons inkomste onder druk plaas. Ons inkomste-begroting is met 5% verhoog en ons uitgawes met 16%, wat beteken dat ons begroot vir 'n tekort.

Die Finansiële Kommissie (FINKOM) en die Kerkraad is baie dankbaar vir elke lidmaat wat die afgelope jaar finansieel of in die vorm van tyd en energie bydraes gemaak het. Ons sukses lê in die baie mense wat elke Sondag en elke maand bydra volgens hul vermoë.

Wanneer die daaglikse gesprekke oor beurtkrag, korrupsie, hoë petrolpryse, ekonomiese druk, tesame met jou eie stel uitdagings jou wil laat ineenkrimp, onthou: Ons dien 'n groot en almagtige God. Kom ons kyk met nuwe oë na ons omstandighede, sodat ons in dankbaarheid kan vashou aan Paulus se gebed in **Efesiërs 3:20-21**.

***"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen".***

Hierdie wete gee aan ons – individueel en as gemeente – die sekerheid om met vertroue groot te dink en in dankbaarheid God se getrouheid as getuienis uit te leef.

# GASVRYHEID
# OP SY BESTE
## Basaar 2022

Saret Britz

Hierdie jaar is die gemeente se strewe om te K.U.I.E.R! Op 27 April is daar basaar gehou en was dit nie ŉ fees nie! Met die Covid-maatreëls wat effens verslap is, was dit behoorlik asof mense uit hibernasie gekom het. Dit het kompleet soos ŉ reünie gevoel van ou kennisse wat mekaar jare laas gesien het. Daar was beslis meer mense as by enige vorige basaar. Hierdie jaar het baie besoekers van buite die gemeente saam kom kuier. Die Pretloop het gesorg vir groot pret vir mens en dier. Nog een van die hoogtepunte was beslis ons splinternuwe 'donkie' waar ego's lelik gesneuwel het in die kussinggevegte. Pannekoek, ontbyt-broodjes, roosterkoek tuisgebak, springmielies, kerrie en rys, koeldranke, lekkergoed, tombola, ŉ volgepakte wit-olifant-tafel, kunswerke, springkastele, skyfskiet, boeresport, braaivleis, boereworsrolle en gesiggie-verf was maar ŉ paar van die items op die lysie van dinge om te proe en te doen.



Die basaar het ŉ stewige R141 000 wins opgelewer – net ŉ klein bietjie minder as die begrote R150 000. Baie dankie aan elkeen wat die basaar op een of ander wyse ondersteun het. Volgende jaar maak ons weer so!









Wat 'n Fees!

# Ons Kerkterrein – 'n ware sieraad



**Gerrie J Jacobs**

Ek was onlangs so bevoorreg om 'n begeleide toer van ons kerkterrein te kon meemaak. My 'toergids' was niemand anders nie as Dirk Botha, NG Weltevreden se eie faktotum, en wil ek dadelik byvoeg, een van die mees passievolle en kerkterrein-geïnspireerde persone wat ek nog ooit ontmoet het.

Ons kerkgebou en -lokale en die ongeveer dubbele handvol verwikkelinge op die terrein sedert 2018, sal enige lidmaat besonder gelukkig laat voel. Van die hoogtepunte sluit in:

- Die hoofgebou se dak is herstel (baie dankie aan almal wat bygedra het tot die dakfonds) en is 'n sieraad, in 'n sag-op-die-oog grys skakering.
- 'n Groot addisionele gedeelte van die grondoppervlak van die kerk en parkeerruimte is geplavei.
- Die koffiewinkel en sy meegaande stoep is herontwerp en bykans 100 persone kan in die moderne nuwe fasiliteit, in sy twee modieuse kleure (ligblou en wit – wat mekaar pragtig komplementeer) en stylvolle wit tafeltjies en stoele, geakkommodeer word.
- Die peuterhoekie het 'n gedaanteverwisseling ondergaan en is nou, met sy talle kleurvolle items en lowergroen tapyt, 'n ware lushof vir peuters en kleuters.









- Die twee kleiner raadsale van die gemeente, wat geskik is vir werkwinkels en vergaderings van tot so 12 persone, is beide interieur herontwerp en maak mens eintlik lus vir 'n sessie of wat.
- Die kombuis is oorgeverf en oorgeteël en die deftige swart van die nuwe graniettoonbanke en -blaaie kontrasteer voortreflik met die vertrek se netjiese spierwit mure en vloeroppervlak.
- 'n Paar digte, redelik onaansienlike boom-bosse direk langs die kerk is verwyder en tot almal se verbasing is 'n pragtige kruis, wat ingebed is met stene van verskillende skakerings in die hoofgebou, onthul.
- 'n Doelgemaakte opname-ateljee, kompleet met verskillende multifunksionele ruimtes, klankgordyne en toepaslike agtergrond-inkledings is gevestig in die vertrek wat voorheen as 'Die Grot' bekend gestaan het. Het u al ooit gewonder hoekom ons gemeente so bevoorreg is met die gehalte, verskeidenheid en die frekwensie van ons klank- en beeldopnames? Hierdie ateljee is een van die vele redes.
- Die flora van die kerkterrein, ontwerp deur en wat al vir seker bykans 40 jaar baie getrou deur Louis en Lenie de Villiers versorg word, is werklik 'n fees vir die oog. Die besluit om grootliks plante, struike en bome wat in 'n waterskaarsomgewing kan floreer, aan te plant, lewer groot dividende. 'n Mens kan die spesie-verskeidenheid en kleurkontraste orals op die terrein waarneem. Ek wil lidmate aanmoedig om u volgende keer vir 'n paar oomblikke te verlustig in die kerk se tuin.



- Alle ligte in die hoofgebou, ook die groot ronde hoofligte wat essensieel is tydens preke en opvoerings, en ja selfs daardies doer hoog teen die plafonne van die liturgiese ruimte is vervang met sogenaamde LED (light emitting diode) ligte. Nie net is laasgenoemde ligte baie meer effektief as hul voorgangers nie, maar hul lewensduur is veel langer, wat ŉ substansiële elektrisiteitsbesparing meebring. Ek en Dirk was toevallig in die liturgiese ruimte tydens een van die gemeente se beurte-sonder-elektriese-krag. Die sagte sonlig wat deur die verskeidenheid matglasvensters geskyn het, het goud weerkaats op die nuwe ligte. Ons het daardie paar oomblikke as bykans heilig beleef.
- Dirk en sy span is tans besig om 'n doelmatige gebedskamer in te ruim. Die vertrek, wat langs die peuterhoekie is, is gedurende die week 'n stil ruimte waar begrafnis-gesprekke, privaat beradingsessies of stil tyd vir gebed kan plaasvind. Die splinternuwe ruimte word met die Gebedsnaweek in gebruik geneem.










Dit is vir my baie duidelik dat die gemeente se personeel wat in en onder ons kerkkantoor ressorteer, die leraars, die kerkraad en sy kommissies, asook talle ander gewaardeerde en toegewyde vrywilligers, SAAM meewerk om ŉ besonder doelmatige en indrukwekkende kerkterrein daar te stel en te onderhou. Hierdie aspekte is ŉ sieraad vir die gemeente en ons as lidmate, asook besoekers is daardeur besonder geseën.

Daar is verskeie persone wie se name ek graag sou wou noem, om sodoende hulle individuele en gesamentlike bydraes tot die gemeente se pragterrein en -lokale te erken. By gebrek aan ruimte binne die Weltewoord, asook uit vrees dat ek iemand se naam per abuis mag weglaat, gaan ek dit egter nie doen nie. Elkeen van julle se name is egter opgeskryf in die 'Groot Boek' en ons dankbaarheid vir julle voortgesette insette ken geen perke nie.

# WELKOM Yolanda!

Saret Britz

*Ons het 'n splinternuwe skriba! Yolanda Kruger, wat al 12 jaar lank in die gemeente is, het op 24 Januarie by die kantoorspan aangesluit, nadat Mari Hamman na Kimberley verhuis het. Yolanda is behoorlik aan die diep kant ingegooi en moes vinnig leer swem. 'n Weeklange opleiding was maar net die begin van haar baie steil leerkurwe oor die werk van 'n skriba. Sy het ook reeds twee intensiewe aanlynkursusse meegemaak om haar touwys te maak oor Winkerk, die databasisprogram wat deur ons kerk gebruik word. Maar wie is die persoon agter die aansteeklike glimlag in die kerkkantoor? Yolanda het ons 'n bietjie meer oor haarself vertel...*



"Ek is in Lüderitz in Namibië gebore en het daar grootgeword. Ek het my man Jacques op Stellenbosch Universiteit ontmoet waar ek Rekeningkunde studeer het. Ons het al in Pretoria, Kaapstad en Rosh Pinah in Namibië gewoon. Ek vergelyk altyd ons agt jaar in Rosh Pinah met die sewe vet jare waarvan die Bybel vertel – gevul met hartsmense en -herinneringe.

"Ons het in 2010 van Namibië na Johannesburg toe verhuis en dadelik ingeskakel by die gemeente se Bybelstudies van ds. Hettie en ds. Hansie Breedt. So het ek baie van die dames in die gemeente leer ken. Pannekoekbak by die basaar was nog 'n ideale plek om sommer baie mense vinnig te leer ken. Ek was 'n JonkX-kategeet vir die Graad 10's terwyl my eie twee seuns tieners was en het saam met hulle die MES-uitreikaksie in die middestad besoek. Ek was ook betrokke by die kleuters en personeel van die Jan Hofmeyer-speelskool – hulle het vinnig in my hart ingekruip.

"My twee seuns studeer tans op Potchefstroom, albei in ingenieursrigtings. Terwyl hulle op skool was in Hoërskool Linden, was ek 'n baie besige en betrokke ma. Maar noudat hulle nie meer in die huis is nie, is die nuwe uitdaging as skriba vir my heerlik. Een van die dinge wat my die heel gelukkigste maak is om mense te kan help. Ek is passievol oor dít waarin ek glo.

"Hoe ek ontspan? My groot passie is tennis en ek speel kompeterend. Ek hou ook van stap en die natuur en het die Visrivier Canyon al twee keer gestap. Die see is voedsel vir my siel – teen die Namibiese kuslyn, Weskus en selfs Ooskus sal ek enige dag gaan vakansie hou!"



Ons is opgewonde oor die positiewe energie wat jy in die kantoor inbring, Yolanda. Ons sien uit om nog jare lank jou borrelende lag in die kantoor te hoor.

Baie welkom by die kerkkantoorspan!

NOVO FUTURUM

# WEES DIE VERSKIL WAT JY GRAAG WIL SIEN

**Dr Neil du Plessis**

Die skrywer Ralph Waldo Emerson het op ŉ keer gesê: “You cannot do a kindness too soon, for you never know how soon it will be too late.” Ons span by Novo Futurum (ons gemeente se nie-winsgewende organisasie) neem hierdie woorde ter harte en poog voortdurend om ‘n verskil te maak in die lewens van weerlose mense. Die drie pilare waarop Novo Futurum staan is OPVOEDING, OPLEIDING en ONTWIKKELING. Ons hanteer alle mense wat oor ons drumpel kom met waardigheid en deernis en droom saam met hulle oor ‘n nuwe toekoms met geleenthede en hoop. Ons bied ŉ verskeidenheid dienste aan mense in die gemeenskap en probeer om in die behoeftes van elke generasie, van jong kinders tot bejaardes, te voorsien. Hierdie dienste behels onder andere terapie aan individue en gesinne in krisis; ondersteuning met die betaal van uitgawes soos mediese koste en assesserings; hulp aan belowende leerlinge met die betaal van skoolgelde en ekstra wiskunde-klasse, sowel as noodkospakkies en koopbewyse vir weerloses tydens die koue wintermaande.

Ons is trots op ons betrokkenheid by ander opvoedkundige inisiatiewe soos Golang Educational Trust (Zandspruit informele nedersetting) en voorskoolse opleiding by die Jan Hofmeyer Gemeenskapsentrum in Vrededorp Johannesburg. Tydens MES (die Middestadbediening in die hartjie van Johannesburg) se jaarlikse Winterhoopprojek kon ons ook ruim bydra tot die uitgawes van hul sopkombuise en nagskuiling. Ons het ook ŉ aantal verwarmers aangekoop vir hulle kantore en hul sentrum waar jong kinders en bejaardes versorg word. Ons het as deel van ons Mandela Dag 2022-viering hande gevat met ander rolspelers en slaggate in ons omgewing gevul om groter veiligheid vir motoriste en fietsryers te verseker.

Verder is ons baie opgewonde oor ‘n paar nuwe projekte wat in die beplanningsfase is en wat moontlik gemaak word deur die skenkings van lidmate en eienaars van ondernemings. Projek Intombi is ‘n wonderlike inisiatief wat herbruikbare sanitêre doekies vir behoeftige dogters vervaardig en hulle so help om nie skool te mis nie. Ons gaan ook hande vat met The Character Company, ‘n organisasie wat fokus op mentorskap en die ondersteuning van jong seuns (en enkelma’s) wat sonder pa’s groot word.

Ons fokus op bejaardes sluit onder andere in die ondersteuning van Kleinkruin Aftreeoord, Roodepoort Tehuis vir Bejaardes en Ons Huis Seniorhuis. By hierdie instansies wil ons graag ŉ bederf-oggend met vermaak en eetgoed reël. Sonder ons wonderlike span vrywilligers, donateurs en vriende van Novo Futurum is hierdie werk in die gemeenskap nie moontlik nie. Ons is dankbaar vir elkeen wat ons ondersteun en goedgesind is. Indien jy of jou besigheid betrokke wil raak by ons projekte kontak asseblief vir Mev. Alda Boer (ons maatskaplike werker) by alda@ngweltevreden.co.za of Dr. Neil du Plessis (neil@novofuturum.co.za) vir enige navrae.
Elke donasie van meer as R100 kwalifiseer vir ‘n Artikel 18A-kwitansie vir belastingdoeleindes.











THE CHARACTER COMPANY

RAISING BOYS TO BE GOOD MEN

# KINDERSTEMME BY KIX

Ilze de Villiers

As iemand sou vra wat ek die meeste gemis het gedurende Covid, was dit die kinderstemme.
Gelukkig is ons stadig maar seker besig om terug te keer na 'n nuwe normaal. Eers min gesiggies op 'n Sondagoggend, weggesteek agter maskers. Almal so 'n bietjie styf en vreemd oor hierdie manier van doen. Dan 'n heerlike speletjiesaand. Ons kuier saam met die Voortrekkers en kry heimwee oor vorige saamkuiers, oor buite speel, lag en braai. Ons eet worsbroodjies en die tamatiesous loop teen die maatjies se kenne af. Party geniet die aand so baie, hulle wil glad nie huis toe gaan nie.

KiX-eredienste word voller. Ons sing steeds agter maskers, maar ons hou KiX-kerk. Ons het een oggend 'n "Praise and Worship"; die kinders noem dit "Sing en spring". En 'n Kreatiewe-Kix-geleentheid, waar ons kaartjies maak vir moedersdag. Intussen hou ons graadgroep-byeenkomste, 'n KiX-nagmaal en gewone KiX- en Kleuterkerk.

Dan breek die Sondag aan dat ons mekaar weer in die oë kan kyk sonder maskers. Sommige van ons het gryser geword, ander het baarde bygekry, maar die vrywilligers wat vroeër bereid was om by die kinderbediening betrokke te raak, is steeds daar. Ons het intussen geleer hoe om video-opnames te maak, het Pretpakkies gehad in plaas van Pretweek, het veilige afstande gehandhaaf en maskers gedra.



Niks kon egter die gerusstellende "gewone" vervang nie, want bo alles het ons uitgesien na die "gewone." Soms is dit nie die buitengewone geleenthede wat jou spraakloos laat nie, maar die kans om die "gewone" dinge te doen wat jou hart 'n blywende warmte gee.

Ons is dankbaar dat ons weer KiX-eredienste kan hou. Dat daar steeds vrywilligers is wat bereid is om hul tyd en hulself te deel met 'n klein klassie kinders. Dat kinders kan buite speel, bal skop, lag. Dat ons saam kan aanbid.

Dat ons weer "KiX" kan wees – Kinders in Christus.















# JonkX Tienerbediening lekker bedrywig na Covid-19

Ds. Ferreira Marais













Sjoe, dit is lekker om weer Sondag-eredienste te kan ervaar met 'n vol kerk en veral dat ons nou weer kan sing en aanbid sonder om maskers te dra. Ons is so bly dat die JonkX-bediening ook weer aan die gang is en dat in-persoon kleingroepe weer kan plaasvind. Daar was die eerste twee kwartale 'n groot verskeidenheid aktiwiteite by die tienerbediening en dit was groot pret. Dit het gestrek van gewone kleingroepkategese tot pret-aande, sangkompetisies en doen-aande.

In kleingroepkategese deel volwassenes van hulle tyd, kennis, liefde en harte om die tieners te help met moeilike vrae en saam met hulle meer van God en die Bybel te ontdek.

Pretaande kan heelwat verskillende vorms aanneem en ons speel met idees soos vasvrae-aande, drama-aande, "30-seconds"-aande en fliek-aande. Die idee is nie om die tieners net besig te hou vir 'n uur nie, maar dat hulle 'n bietjie kan ontspan en saam met ander tieners kan kuier voordat hulle weer by hul normale roetine inval.

Doen-aande is daarop gemik dat ons jongmense nie net (soos die dwase man van Matteus 7) hoor wat God sê nie, maar ook (soos die wyse man) doen wat God ons leer. Daarom het die tieners in die eerste kwartaal 'n video gemaak wat ons gewone lidmate uitgedaag het met die vraag: "Is Jesus jou Koning?" In die tweede kwartaal het hulle onder die leiding van Rachel Hebron komberse gemaak vir die MES Winterprojek.



Laastens het ons ook 'n sangkompetisie gereël, wat terselfdertyd skelm oudisies vir die aanddiens-orkes was. 😊 Dit was 'n heerlike aand en die groep sangers in die orkes het mooi gegroei na afloop van hierdie kompetisie. Tydens die 12 Junie-aanddiens het ons twee liedjies opgeneem, wat beide baie mooi en inspirerend is. Die eerste lied is reeds beskikbaar by:

https://youtu.be/FiHTegmYO1I

Nog goeie nuus is dat heelparty skole weer 'n weeklikse CSV-periode ingestel het. Ons sien uit na meer en meer betrokkenheid by die verskillende skole. Ons besef dat ons nie net jongmense kerk toe moet nooi nie, maar dat God ons ook stuur om kerk te wees daar waar die jongmense reeds is.



Baie dankie vir almal se liefde, gebede en ondersteuning van hierdie bediening.

# TEN DAYS OF HOPE 2022

*Ds. Ferreira Marais*

Vier jongmense van NG Weltevreden was saam met 'n groter groep jongmense van regoor die land op 'n 10-dag-uitreik na die middestad van Johannesburg. 'n Verdere vier studente van Bloemfontein, vier van Stellenbosch en een van Potch het die uitreik saam met die drie spanne van MES se jeugontwikkelingsprogram aangepak. Dit was 'n wonderlike interkerklike en kruiskulturele belewenis en talle nuwe vriendskappe wat nog vir baie jare sal bly voortbestaan is gevorm.



Een van die hoogtepunte was toe ons uitgegaan het om evangelisasiewerk te doen. 'n Enkelma wat verbyloop, het gesien hoe die MES-tienergroep dans en vir die groepleier gaan sê: "Ek is nie heeltemal seker waarmee julle besig is nie, maar my kind móét hier betrokke raak". Oor en oor het ons besef dat God dikwels op 'n klein skaal werk, wat ons nie mag ignoreer nie. As sestig jongmense die moeite gedoen het om vir tien dae in die middestad te gaan bly en 'n diens te lewer sodat een enkele tiener deel kan word van die MES-jeugprogram, was die uitreik reeds 'n sukses.



***Enige dwaas kan tel hoeveel saadjies in een appel is, maar net God kan tel hoeveel appels in een saadjie is.***







'n Groep tieners uit ons gemeente het ook op 29 Junie saamgekom vir 'n baie goeie dag van harde werk. Ek glo God het in elke hart gedoen wat Hy moes en mense na nuwe vlakke van omgee en empatie gelei.

'n Ander gesprek wat my sal bybly is toe ons gaan sop uitdeel het. 'n Ou hawelose oom het my vertel dat ons nie oor hom besorg moet wees nie; hy het 'n lang vol lewe gehad en vrede gemaak met sy omstandighede. Hy was egter wel bekommerd oor 'n jong paartjie met twee kinders wat pas by hulle slaapplek "ingetrek" het – buite, onder 'n brug in die middel van Braamfontein. Die oom se besorgdheid het my diep geraak en ook die manier waarop ons soms na haweloses kyk, uitgedaag.

*Ons sê uit die diepte van ons harte baie dankie vir elke gebed en elke persoon wat die uitreik finansieel of op ander maniere ondersteun het. Ons sou dit nie sonder julle hulp kon doen nie.*



# Obrigado Deus!

Henk en Karmien Myburgh



Na 'n baie besige laaste week van April breek die langverwagte uitreik uiteindelik aan. Die uitreikspan was in 2019 laas in Mosambiek, en dit voel vir ons amper of dit ons eerste keer is. Ons span hierdie jaar is Sean en Tanya van Niekerk, Maryna Munro en Henk, Karmien en HG Myburgh. Ons ry die pad na ons bestemming oor twee lang dae en die nuwe 'Ring Road' om Maputo dra almal se goedkeuring weg. By die opleidingsentrum in Manjekaze word die span van Weltevreden begroet deur ou vriende van MOZaic Trust wat besig is om maroela-olie uit te pars. Ons finale bestemming, Mawaiela, waar ons die week sou werk en bly, is nog 'n uur verder.



In Mawaiela het ons Sondagskool gehou, 'n boodskap gelewer tydens die kerkie se erediens en aktiwiteite aangebied vir hul vrouebediening. Die span kon uiteindelik ook by projekte uitkom wat twee jaar moes wag: die skool is bedien met skryfbehoeftes uit Suid-Afrika en sokkerballe van Living Ball; die nuwe waterpomp kon in werking gestel word by die put wat twee jaar gelede gesink is; video-materiaal is opgeneem vir toekomstige bemarking van die kasjoeneut- en maroela-produkte en paraffien-warmwaterstorte is by die basis geïnstalleer. Die storte is reeds in 2020 geskenk en kon nou uiteindelik in gebruik geneem word saam met die nuwe geriewe wat gebou is om die fasiliteite by die stoor te verbeter. Hierdie opknappingswerk dra by om die lewenstandaard van die plaaslike gemeenskap te verbeter. Een van die hoogtepunte van die week was toe die span getrakteer is op 'n feesmaal – 'n tradisionele ete aan huis van gemeentelede.



In die aande het ons span moeë werkers van die buurgemeentes se aand-eredienste bygewoon. Een aand moes ons twee en 'n half uur dieper die bos in ry om die klein kerkie te bereik, sonder paaie of straatligte of enige aanwysers. Dit het gelei tot 'n besondere belewenis dat God werklik alomteenwoordig is, selfs daar waar net bos en sterre is. Die week se harde werk is afgesluit met 'n ruskans langs die kus waar die span kon reflekteer oor die week se gebeure. Die week het nie net die inwoners van Mawaiela se lewens verryk nie, maar nog meer dié van ons span wat die uitreik meegemaak het. Twee woordjies som die span se belewenis mooi op: **"Obrigado Deus" – DANKIE HERE!**









# JAN HOFMEYER

Maretha Gous

## SPEELSKOOL NEEM AFSKEID

Die Jan Hofmeyer speelskooltjie in Vrededorp moes onlangs afskeid neem van Dinah le Roux, een van ons waardevolle onderwysassistente. Dinah was 14 jaar gelede 'n entoesiastiese ouer uit die gemeenskap toe haar seun as 'n kleuter by die skooltjie ingeskryf is. Sy is mettertyd as onderwysassistent betrek om saam met verskeie vrywilligers uit NG Weltevreden die klassie met kleuters te behartig.

Dinah kon met die finansiële ondersteuning van NG Weltevreden 'n kursus in voorskoolse kinderontwikkeling volg. Dié kennis het sy baie goed in haar dag-tot-dag take toegepas. Die kursus en haar ondervinding by die skooltjie was ook 'n waardevolle geleentheid vir haar persoonlike ontwikkeling. Ons bedank Dinah hartlik vir haar insette en wens haar alles van die beste toe met die nuwe uitdagings wat sy nou gaan aanpak.

## PRETDAG VIR ONS SPEELSKOOL-GESINNE

Amari Kritzinger van Laerskool Alberton het die Jan Hofmeyer speelskooltjie onlangs bederf deur 'n pretdag vir ons kinders en hul gesinne te reël as deel van 'n gemeenskapsuitreik van haar gr 7-klas. Daar is musiek gemaak en die kinders kon sing, dans en speletjies speel. Intussen kon die ouers vir die kinders klere uitsoek uit 'n groot verskeidenheid pragtige warm wintersklere. Gesiggies is geverf en daar was heerlike boereworsrolle en drinkgoed – 'n fees vir almal! Amari-hulle het ook Bybels vir die volwassenes uitgedeel. Elke kind het 'n "party pack" en kospakkie gekry om huis toe te neem. Ons speelskooltjie sê baie dankie aan almal wat die wonderlike geleentheid moontlik gemaak het.



Dinah le Roux tussen van die kleuters van Jan Hofmeyer speelskool. Agter staan vrywilligers uit ons gemeente: Maretha Gous, Esmé Coetzee en Isabel Breedt. Yvonne Terblanche is die onderwyseres van die Gr R-klas en langs haar is Nico Hattingh van die Jan Hofmeyer Gemeenskapsentrum.







# Algemene Inligting

## Eredienste op Sondae

**Afrikaans**
08:00, 10:00 en 17:30 in die kerk.
Regstreekse uitsendings op ons YouTube-kanaal (NGK Weltevreden).
**KiX-kerk (Gr. R – Gr. 6)**
08:00 en 10:00 in die saal.
KiX-eredienste aanlyn op YouTube.
**JonkX (Gr. 7 – Gr. 11)**
Na die Sondagaand-erediens om 18:30, in die saal.
**Belydenisklas**
Sondae om 17:30 in die kapel.
**Engels**
Aanlyn op YouTube.

**Die kerkkantoor is oop op Maandag van 10:00 – 13:00 en Dinsdag tot Vrydag vanaf 08:00 – 13:00.**
**Tel: 011 475 5510 ll Faks: 086 598 4880**

## Versorging

**Berading**
Berading word gratis aan lidmate en nie-lidmate verskaf. Dit sluit individuele, huweliks-, gesins- en traumaberading in.
**Kursusse**
Kursusse in byvoorbeeld huweliksvoorbereiding, Divorce Care en Grief Share word van tyd tot tyd aangebied.
**Verwysings en samewerking met professionele persone**
Alda Boer, ons maatskaplike werker, het 'n goeie verhouding met professionele persone soos mediese dokters, arbeidsterapeute, tandheelkundiges, sielkundiges en psigiaters, opvoedkundiges en spraakterapeute, ens. en kan help met verwysings.
**Ander verwysings**
Kontak asb. vir Alda Boer vir inligting oor en hulp met opname in aftree-oorde of rehabilitasiesentrums.

*Besoek gerus ons webtuiste by:*
www.ngweltevreden.co.za

ng kerk weltevreden
*lewe vir die stad*

## Leraars en Personeel

Ds. Hettie Wessels hettie@ngweltevreden.co.za
083 254 6833
Dr. Neil du Plessis neil@ngweltevreden.co.za
082 346 5238
Ds. Ferreira Marais ferreira@ngweltevreden.co.za
072 804 0621

Gemeentebestuurder – Saret Britz
bestuurder@ngweltevreden.co.za
Direkteur: Versorging – Alda Boer
alda@ngweltevreden.co.za
Lidmaatsake en verhurings – Yolanda Kruger
skriba@ngweltevreden.co.za
Finansies – Tersia Schoonwinkel
finansies@ngweltevreden.co.za
Jeug – Ilze de Villiers
jeug@ngweltevreden.co.za
Bemarking
bemarking@ngweltevreden.co.za
Faktotum – Dirk Botha
faktotum@ngweltevreden.co.za
Klank- en Mediadienste – Keith Bateman
keith@ngweltevreden.co.za

## Bybelstudies en Groeigroepe

**Woensdae**
Manne 05:30 in die koffiewinkel.
Navrae: Dr. Neil du Plessis, 082 346 5238
Bybelskool 09:00 in die koffiewinkel.
Navrae: Ds. Hettie Wessels, 083 254 6833
Jong volwassenes 19:00-20:00 in die koffiewinkel.
Navrae: Ds. Ferreira Marais, 072 804 0621
**Donderdae**
Vroue 08:00 in die koffiewinkel.
Navrae: Ds. Hettie Wessels, 083 254 6833
**Saterdae**
Manne 07:30 in K6 en K7.
Navrae: George Louw, 082 491 5313

**Indien jy graag by 'n groeigroep wil inskakel, kontak gerus Ds. Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.**

## Kommunikasie

Gebruik gerus ons verskillende kommunikasie-kanale om te weet wat in die gemeente gebeur. Kontak ons by bemarking@ngweltevreden.co.za om ons e-pos- of sms-kommunikasie te ontvang of om by ons Whatsapp-groep aan te sluit.